

Dagbreek,

Stellenbosch.

16 Sep. 1932.

Die Redakteur,
" Pro Libertate,
" Stellenbosch.

Waarde heer,

Ek sluit hiermee 'n bydrae in vir U blad.

Wees asseblief so vriendelik en gebruik die skuilnaam "*Milspieël*"
as U dit mag plaas.

Ek sal bly wees as U my naam streng konfidensiëel
sal hou, want anders loop ek gevaar om my lewe te verloor
in die stryd wat voorlê.

Die Uwe,

P.L. la Grange.

As 'n mens 'n byenes wil uithaal word jy soms genoodsaak om teen wil en dank jou kop daarin te steek. Die steke regverdig nie altyd die buit nie, maar alles word gedoen tot die behoud van die inwoners. As 'n nes nooit aangeroeer word nie verslap die werkkrag, aktiwiteit, en inisiatief van die lede daarvan.

Omdat ek 'n anomalie bespeur onder die geleedere van die dames-gemeenskap wil ek my nou goedsmoeds op gevaarlike terrein- iets wat ek nog nooit vantevore gedoen het nie - begewe. My handelwyse word gekontroleer deur 'n voorbedagte doel, en 'n oog wat met ontferming sien op die bevordering van die welsyn van die maatskappy. Langer kan ek nie oogluikend toesien dat die afgodjies van die universiteit in die duister rondtas.....sonder remme 'n gevaarlike afgrond toesnel, waar daar alleen weening en knersing der tande sal wees.....sonder dat 'n waarskuwing hulle toegewerp word nie.

Daar is veral twee uitstaande faktore waarby ek my aandag wil bepaal nl. (a) die gebrek aan bevoegdheid vir 'n lewendige aktiwiteit in die redenaarskuns en (b) dat die eerstejaarsdames hoër wil vlieë as wat hulle vlerke lank is m.a.w. te gou die skyn en kleur wil aanneem - want dit is mos die grondslag vir sukses en bekwaamheid op Stellenbosch.-van 'n senior.

Waarom is dit dat die dames in die skaduwee gewerp word op die gebied van die redenaarskuns? Is dit gebrek aan geleentheid om die sluimerende talent te ontwikkel? As dit gebrek aan geleentheid is waarom doog u so 'n toestand van sake? Waarom laat u toe dat u regte ingekort word? Aangesien u stemreg het waarom beoefen u nie daardie talent wat so onmisbaar is vir sukses op politieke terrein nie, sodat u u teenstanders (mans), wat onbevoeg is, in die skande kan steek nie? Of besit u die bekwaamheid onderlede? Myns insiens ontbreek die bekwaamheid gladnie, maar of dit nou wel aangebore is weet ek nie. Maar dit is die kwaliteit en nie die kwantiteit wat so belangrik is by die redenaarskuns. Dit is miskien omdat u soms hierdie feit uit die oog verloor dat u pogings by tye misluk en op 'n fiasko uitloop -dis, egter, menslik want 'n perd met vier bene struikel dan wat nog te sê van 'n mens met twee. Ek bedoel nie dat u die woord by monstervergaderings moet voer nie (want dis mos teen u beginsels) maar wel dat u iets sal presteer op die verhoog by die Universiteits-debatsvereniging anders as sang en klavierspeel. U eis gelyke regte met die herestudente; waarom gebruik u nie dié wat u toegestaan word nie? Die enkele uitsonderings laat ek buite bespreking, want die is self 'n uitsondering.

Die eerstejaars-dames verbeel hulle dat hulle die "worlds" is as hulle hier kom, daarom vestig hulle hulle aandag net op die seniors en vergeet om hulle klasmaats (here) te groet, om nie eers te praat van saam uitgaan met 'n sot nie. As 'n sot 'n Mej. Sotin skiet het sy meesal of 'n skeet of 'n pseudo-bestelling aan. Hierdie uitbuitery sal aktief reageer van die kant van die eerstejaars here, want daar sal 'n dag kom wanneer die eerstejaars(mans) seniors sal word en dan onwillekeurig hulle oë sal vestig op die jong bloed. In die onderbewussyn skuil daar dan nog die herinnering aan 'n misplaaste senioriteit- die gedagte dat die eerstejaarsdames hulle oor dié hoof gesien het toe hulle soos 'n uit marmor gebeelde gedrog teen 'n skerp omlynde, behaagsieke agtergrond van onrype mentaliteit sterk geprojekteer gestaan het.....in lewende lywe....die sinnebeeld van veragting by uitnemendheid... 'n Vergeefse pseudo-mentaliteit, voorwaar! Nou is, die eerstejaar here wat veronreg word -doelbewus en opsetlik- maar wie sal dan, wanneer die bordjies verhang sal wees, die spit moet afbyt? Nie die herestudente nie, voorwaar!

Tydelik mag hierdie politiek slaag maar dit is tot skipbreuk gedoen. As u die dwaasheid wil beseef sal u uiteindelik beter vaar as wat u onder die huidige omstandighede sal vaar. Geniet maar die genot van 'n senior-gewaad maar wees verseker dat onheil u voor die deur staan as daar nie 'n verandering, wat noodwendig 'n verbetering moet wees, kom nie.